

## Sing vooraf: Psalm 36:2, 3 (p. 179)

2 U goedheid, HEER, is hemelhoog;  
u waarheid tot die wolkeboog;  
u reg sal nooit begewe,  
maar staan soos berge, vas van voet;  
u oordeel is 'n diepe vloed;  
U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kost'lik is u guns, o God!  
Hoe vlug die mensekinders tot  
u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis;  
U laaf hul uit 'n stroom wat bruis  
uit dieptes van ontferming.

3 Van al wat leef, is U die bron;  
van alle lig, die ewige son  
wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees  
oor wie opreg u ken en vrees  
en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap,  
nóg bese hand in ballingskap  
my dwing om rond te swerwe!  
Daar val die werkers van die kwaad  
vir altyd in 'n jammerstaat  
waarin hul magt'loos sterwe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 35:4 (p. 173)

4 My siel sal in die HERE juig / en Hom, vir hulp, my dank betuig;  
my beend're saam spreek tot u ere / en sê: "Wie is soos U, o HERE,  
wat die ellendiges bevry / van dié wat sterker is as hy?  
Die arme – dat hy U mag loof – / verlos van dié wat hom beroof?"

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 46:1, 3 (p. 236)

1 God is 'n toevlug in die nood,  
'n rots wat altyd vas bly staan,  
al dreig die vyand met die dood,  
al storm sy leëbendes aan.  
Laat dan maar buig en beef  
al wat ons hier omgeef;  
laat berge uit hul stee  
wegwankel in die see –  
ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

3 Die HEER is daar, Hy hou die wag;  
so gaan die donker uur dan om;  
Hy red wanneer die vroeë dag  
goudglansend oor die berge kom.  
In wilde krygsgedruis  
het nasies opgebruis,  
en koninkryke sink:  
die HEER se stem weerklink –  
'n ganse wêreld beef voor Hom!

Skriflesing: 1 Korintiërs 15

Teks: 1 Korintiërs 15; Kategismus Sondag 17

In Korinte het die gemeente met 'n probleem gesit. Daar was sekere van die lidmate daar  
wat 'n dwaalleer verkondig het: hulle het die opstanding uit die dood geloën.

- Hulle kon die saak net nie met hulle verstand uitredeneer nie, en toe het hulle dit  
maar as 'n soort van beeldspraak gesien.
- Hulle het wel geleer dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, maar hulle het  
nie geglo dat mense ook uit die dood opstaan nie.

Hierdie leer het soveel gevaar vir die Christene ingehou dat Paulus hom verplig gevoel het om spesiaal 'n preek oor hierdie saak te maak.

- Hy begin met 'n wye aanloop, want hy wil baie ondubbelsinnig aan die gemeente toon dat jy die leer van die Here Jesus Christus óf heeltemal moet verwerp óf heeltemal moet aanvaar.
- Jy kan nie net gedeeltes daarvan aanvaar nie.

Daarom begin hy sy preek met die dood en begrafnis van Christus. Dis tog logies dat hy nie die opstanding kan preek voordat hy nie eers die dood van Jesus bewys het nie, anders kan dit 'n skynopstanding wees, soos inderdaad in daardie tyd – en ook nou weer – in sekere kringe beweer word.

- Dit is waarom hy die begrafnis van die Here Jesus so pertinent noem:
  - Die begrafnis is die beseëling daarvan dat Jesus Christus waarlik gesterf het.
  - Hy wil eers bewys dat Jesus werklik dood was, anders kon hierdie Grieke, wat so lief was vir redeneer en filosofer, dalk ontken dat die Here Jesus dood was.
- Nadat hy hulle van die werklike dood en begrafnis oortuig het, kan hy eers by die punt kom waar hy met hulle kan redeneer oor die opstanding self.

Dit doen Paulus ook weer met 'n aanloop.

- Die rede hiervoor was dat die Grieke 'n bewys wou hê van alles wat iemand vir hulle gesê het.
- Hulle was nie mense wat iets sommer goedsmoeds aanvaar het nie.
- Paulus kan dus nie anders nie as om nou te praat oor die verskynings.

Oor die feit dat die Here Jesus aan mense verskyn het, kan hulle ook nie stry nie, want daar was letterlik honderde getuies wat ingestaan het vir die waarheid van die saak.

- Die opstanding was dus 'n ware gebeurtenis.
- Die groot waarheid is nie net dat die Here Jesus die dood oorwin het omdat Hy God ook is nie – Jesus, die mens, het ook opgestaan.
- Dit is die opstanding van die vlees (mens) waaroor dit gaan.

Van vers 5 af vertel Paulus aan die gemeente dat die Here Jesus na sy opstanding aan mense verskyn het.

- Hy het aan Petrus verskyn – dis Sefas.
  - Hierdie Sefas het homself soort van uit die dissipelkring uitgeskuif.
  - Hy het Jesus verloën die nag in die binnehof.
  - Met hierdie verskyning van die Here Jesus het Hy Petrus as 't ware weer herstel in sy apostelskap.
- Daarna was daar weer 'n verskyning. Die keer aan die twaalf.
  - Die verskynings is elke keer die bewys dat die Here Jesus werklik opgestaan het.
  - Elke keer het Hy opdragte gegee wat die apostels in hulle roeping moes gaan uitvoer.
- Daarna verskyn die Here Jesus aan meer as 500 broeders tegelyk.
  - Ons lees nêrens in een van die Evangelies hiervan nie, net hier word daarvan vertel. Maar die bedoeling daarvan is baie duidelik: Die Here Jesus het aan die kerk verskyn.
- Die verskynings is soos altyd wyer wordende kringe. Eers Petrus. Dan die twaalf. Dan aan meer as 500. Hierdie mense het die hele kerk verteenwoordig.

***Met sy verskyning aan hulle het die Here Jesus aan hulle die belofte geopenbaar dat hulle ook so uit die dood sal opstaan. Soos wat Hy hier voor hulle staan, gaan Hy ons ook opwek – met liggaam en siel.***

Daar was nog meer verskynings en Paulus noem hulle. Een van hierdie verskynings is baie belangrik:

- Die Here Jesus het ook aan Paulus verskyn toe hy op pad was na Damaskus toe.
- Die Here Jesus het hom by dié geleentheid tot apostel geroep.

Nou behoort dit vir die Korintiërs vas te staan dat die Here Jesus Christus opgestaan het uit die dood. Daarom gaan hy nou in die tweede helfte van sy preek in.

**As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie?**

(1 Korintiërs 15:12 AFR1953)

*Hoe is dit moontlik dat mense kan glo en leer dat dit waar is dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, maar dat die mense wat sterwe, nie weer opstaan uit die dood nie?*

Dit was die dwaling wat geleer was in die gemeente van Korinte. Ons moet hulle maar nie te hard oordeel nie, want ons het soms dieselfde dwaling by ons.

- Ons sê dat ons sal opstaan uit die dood, maar ons glo dit nie werklik nie, want ons bly bang vir die dood – so asof dit 'n donker nag is waarin ons sal versink.

Nou openbaar die Heilige Gees deur Paulus se pen aan ons dat dit heeltemal onmoontlik is om te glo dat Christus uit die dood opgestaan het, as ons nie terselfdertyd kan glo dat die mense ook uit die dood opstaan nie.

- Die Here Jesus Christus was werklik dood, en Hy leef werklik.
- Baie mense het Hom gesien.
- Thomas is selfs genooi om sy vingers in die spykergate te steek om homself te oortuig dat dit die Here Jesus is wat liggaamlik voor hom gestaan het.
- Maar as die dwaling wat die Korintiërs leer, waar is, kan hierdie feite nie geglo word nie!

Paulus wys op nog 'n verdere gevolg van hierdie dwaalleer.

- As ons nie glo dat die mense – ek en jy – soos Jesus Christus sal opstaan uit die dood nie, kan ons gerus ons Bybels stukkend skeur, want dan is die leer van die apostels vals.
- Want dan leer hulle ons dat God sy Seun uit die dode opgewek het, terwyl Hy dit nie gedoen het nie.
- Dan verval die inhoud van ons geloof.
- Dan bly ons met heeltemal niks agter.

Dis nie al nie. Ons geloof sal nie net sonder inhoud wees nie, maar daar sal ook geen vrug op ons geloof wees nie.

- As dit wat in die Evangelie geleer word, nie waar is nie, dan beteken dit dat ons nog net so diep in die sonde is soos Adam en Eva.
- Dit sou selfs kon beteken dat daar geen God en geen Verlosser sou wees as ons hierdie dinge verwerp nie.

Maar nou hoef ons nie aan die waarheid van die beloftes te twyfel nie, want daar was getuies wat al die dinge beleef en gesien het. Hulle het gesien dat Jesus Christus gesterf het. En dat Hy opgestaan het uit die dood.

Die opstanding neem 'n baie belangrike plek in die Evangelie in.

- Want as die Here Jesus Christus vir ons sondes sou sterf, maar nie weer uit die dood uit kon terugkom nie, sou dit ons absoluut niks gebaat het nie, want dan het die dood nog steeds mag oor ons gehad.
- Die opstanding bewys juis dat ons deur die kruisdood volkome vergewing van sondes verkry, omdat die Here Jesus in staat is om dit te gee.
- Hy bewys sommer op die plek die vrug van sy verlossing: Hy staan uit die dood op en sê dat Hy ons presies so sal laat opstaan.

Nou behoort die Korintiërs te weet dat hulle volle vergewing van sondes het – maar dan moet hulle aan die opstanding uit die dode glo. Die twee sake is aan mekaar verbind.

U besef natuurlik dat die dinge praktiese neerslag vind in die lewe van die Korintiërs – en in ons s'n.

- Paulus probeer dit aan die verstand van die Korintiërs bring dat 'n gelowige sy mense met blydskap sien sterf en met vreugde daarna uitsien om self ook agter hulle aan te gaan.
- Die dood is ook die enigste manier om, in hierdie bedeling, in die ewige lewe in te gaan.

Sonder die opstanding van die Here Jesus Christus sou daar geen hoop vir die gestorwenes wees nie.

- Sonder die opstanding sou die lewe meteens vir ons opgehou het as ons sterf.
- Dis waarvan Paulus praat met die woorde:

**As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, . . .**

*Sulke mense gaan op daardie oomblik beskaamd staan as hulle sterf, want dan is daar vir hulle geen versoening deur die Here Jesus Christus nie. Geen opstanding vir hulle tot die volmaakte lewe in God se koninkryk nie.*

Paulus se brief jubel verder:

**Maar nou, Christus is opgewek uit die dode.**

- Dit beteken dat ons ook eendag sal opstaan uit die dode.
- Hierdie selfde liggaam van my sal weer lewe.
- Die Here Jesus Christus is die eersteling van die oes, en ons gaan in sy spore volg.

Daar is mense wat op 'n ander manier in die ewige lewe ingegaan het:

- Elia en Henog het nie uit die dood opgestaan nie.
- Hulle het ook nie die dood oorwin nie.
- God het dit so beskik dat hulle langs die dood verbygegaan het.

Die dooies wat deur Christus opgewek is, moes ook weer sterwe. Anders sou Lasarus mos vandag nog gelewe het.

- Nie een van hulle het self die dood oorwin nie.
- Daarom is die Here Jesus Christus die eerste Een van dié wat uit die dood opgestaan het.

- Hy is dus ook die enigste Een wat die mag het om die dood te oorwin, op só 'n wyse dat hy ook ander daaruit kan terugbring.

Deur die mens, Adam, moet ons almal doodgaan, want deur hom is almal in ellendes gedompel. En deur die een mens, Jesus Christus, is ons almal oorwinnaars oor die dood omdat Hy die dood oorwin het, en ons ook daaruit terugbring het.

**Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;** (1 Korintiërs 15:21-22 AFR1953)

Geliefdes, moenie vrees vir die dag dat u moet sterwe nie en moet ook nie dink dat u geliefdes wat al gesterwe het, verlore is nie. Leer hier uit die Woord van God dat daar deur die krag van God lewe uit die dood kom.

In vers 42 skryf Paulus dat dit by 'n begrafnis is soos in die lente wanneer 'n boer die saad op sy lande plant sodat hulle kan opkom en groei.

- 'n Begrafnis wek by ons die doodsgedagte.
- Maar onthou dan net dat die Here hier leer dat die liggame soos graankorrels geplant word totdat God dit uit die aarde laat herrys tot nuwe lewe.

Laat ons dan nou al lewe met die besef dat ons lewe tot in ewigheid.

Kom ons lees wat ons Belydenis hiervan leer in Kategismus Sondag 17:

**Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?**

**Antwoord:** Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).  
(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 5; Ef2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 147:1, 2 (p. 704)

- |   |  |
|---|--|
| <p>1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys!<br/>Hoe goed is dit om God te prys!<br/>Hoe lieflik om die lof te sing,<br/>die lof wat ons aan Hom moet bring!<br/>Want Hy wil ons in guns aanskou,<br/>Hy wil Jerusalem herbou<br/>en Isr'el wat verstrooid nog swerf,<br/>versamel op die heil'ge erf.</p> | <p>2 Hy heel gebrokenes van hart,<br/>en Hy verbind hul in hul smart.<br/>Sy oë speur oneindig ver;<br/>Hy tel en roep die laaste ster;<br/>sy krag en kennis, ongemeet,<br/>oorwelf al wat ons ken en weet.<br/>Sagmoediges verhef Hy weer,<br/>maar goddeloses werp Hy neer.</p> |
|---|--|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 12 Augustus 2007  
Hulpdienspredikant. Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 11 Augustus 2013